# EKURHULENI NORTH

November 2015
Graad 06
Afrikaans EAT

**Afdeling A: Leesbegrip**



**Die emmer met die gaatjie**

1. Eendag, lank, lank gelede was daar ‘n nare monster wat in die bos gewoon het. ‘n Dogtertjie met die naam Mamela het altyd in die bos gespeel. Elke dag, net voor middagete, het haar ouma vir haar gesing: “Eet pampoen om BLINK hare te kry, eet wortels en kyk hoe goed SIEN jy! Boontjies, mielies, vleis en beet, heerlike kos vir my kind om te eet!” Dan hardloop Mamela huis toe om te gaan eet. Maar op ‘n dag, toe sy terug hardloop, vang die nare monster haar. Sy skree: “Help! Help!” Maar niemand hoor haar nie. Die monster stop haar in die sak. Hy loop verder en skree met sy harde stem vir Mamela: “Sing vir my!” Mamela is baie bang. Sy sing saggies.

2. Die monster stap verby ‘n huisie. Hy ruik lekker kos. Skielik is die monster baie, baie honger. Hy klop aan die deur. Klop! Klop! “Ek ruik lekker kos. Ek is baie honger. Ek wil kos hê!” grom hy. ‘n Vrou met grys hare maak die deur oop. Dis Mamela se ouma. Sy hoor iemand wat saggies in die sak sing. Dis Mamela se stem! Sy sê vriendelik: “Goed, Monster, ek sal vir jou kos gee. Maar jy moet ‘n bietjie wag. Die vleis kook nog, dis amper lekker sag!” Die monster sê: “Goed ek sal wag, want ek hou van my vleis sag. Maar ek is baie dors. Ek wil noú water hê!” Mamela se ouma maak gou ‘n plan. Sy gee vir die monster ‘n emmer met ‘n gaatjie in en sê: “Gaan haal water in die rivier.” Die monster los die sak net daar en hardloop rivier toe met die emmer om water te kry.

3. Die monster sukkel met die emmer. Die water lek vinnig uit! Hy skep en skep. Hy drink later die bietjie water wat in die emmer is alles op. Intussen red Mamela se ouma haar gou uit die sak. Mamela kruip agter ‘n boekrak weg. Mamela se ouma sit giftige slange in die monster se sak en bind dit toe. Toe die monster terugkom, eet hy al die sagte vleis op. Daarna gryp hy sy sak! Hy storm by die huis uit, sonder om te groet. Hy sê nie eens dankie nie. By die grot besluit hy om Mamela vir nagereg te eet. Hy lek sy lippe af. Toe hy die sak oopmaak, pik die giftige slange hom. “Ahhh! Ahh Ek is klaar!” gil hy. Na’n rukkie is hy dood.



4. Mamela en haar ouma het daarna gelukkig en veilig in die bos gewoon.

***Onbekend***



**Beantwoord die volgende vrae vanuit die leesstuk.**

1.1 Wat is die **Titel** van die storie?

_____________________________________________ (1)

1.2 Noem 3 **karakters** wat in die storie speel.

a) ____________________________________ b) ______________________________

c) ____________________________________ (3)

**<u>Omkring die regte antwoord</u>**

1.3 In die bos het 'n …….. monster gewoon. (par.1)

A gawe

B nare

C mooi

D rowwe (1)

1.4 Wat is die dogtertjie se naam?

A Mamela

B Martha

C Marlize

D Mamazel (1)

1.5 Ouma het ….. in die sak gesit.

A slange

B wurms

C spinnekoppe

D slakke (1)

1.6 Vervang elke sin met die **korrekte woord** uit die begriptoets sodat die sin **WAAR** is.

a) Mamela se **oupa** red haar uit die sak uit. (par.3) (1)

______________________________________________

b) Die monster **hardloop** verby 'n huisie waar hy lekker kos ruik. (par. 2)

______________________________________________ (1)

c) Mamela se ouma hoor iemand wat **hard** in die sak sing. (par. 2)

______________________________________________ (1)

1.7 In par. 1 word van verskeie groentes gepraat. Skryf enige twee neer.

______________________________________________ (2)



**Omkring die regte antwoord.**

1.8 By die grot besluit die monster om Mamela te eet as:

i. middagete
ii. ontbyt
iii. nagereg
iv. hoofgereg (1)

1.9 Mamela se ouma gee vir die monster 'n emmer met 'n ............. in:

i. slang
ii. gaatjie
iii. dogtertjie
iv. bos (1)

1.10 Wat moet Mamela eet om blink hare te kry?

______________________________________________ (1)

**Onderstreep die regte antwoord.**



1.11 Waar speel die gebeure hulself af?

A stad

B dorp

C bos

D veld (1)

1.12 Wat het die monster gevra moet Mamela doen?

A vinnig loop

B hard skree

C sing

D dans (1)

1.13 Skryf die **antoniem (opposite)** neer vir die volgende woord:

1.13.1 sag (par. 1) ______________________________________. (1)

1.14 Skryf die **verkleining** neer van die volgende woord:

1.14.1 emmer ______________________________________ (1)

1.15 Skryf die volgende sinne oor en begin jou sin met die **vet gedrukte** woord(e).

*a) Daar was* ***lank lank gelede*** *'n monster in die bos.*

______________________________________

______________________________________ *(1)*

*b) Die monster vang* **op 'n dag** *vir Mamela.*

______________________________________


______________________________________ *(1)*

c) *Mamela speel **elke dag** in die bos.*

________________________________________________________

________________________________________________________ *(1)*

1.16 Benoem die l**eestekens**:



1.16.1 Klop**!** Klop**!** (par. 2)

______________________________________ (1)

1.16.2 s**ê** (par. 2) ________________________________________ (1)

1.17 Gee die **intensiewe vorm** van die woord:

1.17.1 gelukkig (par. 4) ______________________________________ (1)

**Totaal Afdeling A: (25)**

## Afdeling B: Taalstruktuur

2.1 Sê of die volgende sinne ‘n **stelsin, uitroepsin of vraagsin** is.

a) Die water lek vinnig uit! ____________________________________ (1)

b) Waar het die monster gewoon? ________________________________ (1)

2.2 Skryf die sinne in die **verlede tyd**.

a) Die monster stop haar in die sak.

____________________________________________________

____________________________________________________ (1)

b) Mamela is baie bang.

____________________________________________________

____________________________________________________ (1)

2.3 Skryf die volgende sinne oor in die **ontkenning**. **(NEE…)**

a) Was daar ‘n monster in die bos? **Nee,**

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

b) Het jy al ooit ‘n monster gesien? **Nee,**

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

2.4 **Verbind** die volgende sinne met die woord tussen hakies.

a) Mamela moet versigtig wees. Daar is ‘n monster. **(omdat)**



________________________________________________________

______________________________________________________ (1)

b) Mamela sing. Haar ouma kan haar hoor. **(sodat)**

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

2.5 Skryf die sin in die **indirekte rede**.

a) Die monster sê: “Ek ruik lekker kos.”

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

2.6 Gee die **meervoud** (plurals) van die volgende woord:

**Bv**. Huis – huise

2.6.1 haar (par. 1)

____________________________________________________________ (1)

2.7 Verdeel die volgende woord in **lettergrepe**:

**Bv**. Hardloop : hard – loop

2.7.1 giftige (par. 3) ________________________________________ (1)

2.8 Onderstreep die **werkwoord** in die onderstaande sin.

Hy klop aan die deur. (1)

2.9 Onderstreep die **selfstandige naamwoord** in die volgende sin.

Hy ruik lekker kos. (1)

2.10 Vul die regte **voornaamwoord** (*pronoun*) in:

| ek | sy | haar | hy |
|---|---|---|---|

2.10.1 Goed Monster, ________________________ sal vir jou kos gee. (1)

2.10.2 ___________________________ sê nie eers dankie nie. (1)

**Totaal Afdeling B: (15)**

**Groottotaal: (40)**

## Lekker vakansie hou!

